


Hanri Wondergem

# Baba van die Jaar: Groot pryse te wen

Jy kan nou stem vir jou gunstelingbaba in die Junie-groep van *Beeld* se Baba van die Jaar-kompetisie.

Stemme vir die Junie-groep sluit op 30 Junie om 12:00.

Die kompetisie duur tot 28 Maart 2022 en daar sal elke maand 'n groep skattige gesiggies wees waaruit lesers hul gunsteling kan kies.

Die volgende spertyd vir inskrywings is 25 Junie.

Oudergewoonte is daar heerlike pryse op die spel.

Elke maandwenner wen 'n geskenkpak van R1 000 van Bennetts, 'n geskenkbewys van R500 van 4aKid en 'n gasverskyning deur Ollie die singende nar van R1 600 op die baba se verjaardagpartytjie. (R5/km buite Pretoria is betaalbaar deur die wenner se ouers).

Die wenner in *Beeld* se Baba van die Jaar-kompetisie wen 'n hele rits pryse. Dit sluit in 'n kontantprys van R5 000 geborg deur *Beeld*, 'n gasverskyning deur Ollie die singende nar van R5 000 by die wenner se dagsorgsentrum of kleuterskool met 20 partytjiepakkies ingesluit (R5/km buite Pretoria is betaalbaar deur die wenner se ouers), 'n R1 000-geskenkpak van Bennetts en 'n R500-geskenk- bewys van 4aKid, 'n Sealy-enkelbed van R6 000 en vyf nagte se verblyf in 'n selfsorgeenheid met 'n see-uitsig en slaapplek vir vyf mense by die TO Strand Beach Resort in Port Edward in KwaZulu-Natal van R4 700.

Die naaswenner wen 'n R2 500-kontantprys geborg deur *Beeld*, 'n R1 000-geskenkpak van Bennetts, 'n R500-geskenkbewys van 4aKid en 'n Sealy-enkelbed van R5 000.

Die baba in die derde plek se gesin kry 'n kontantprys van R1 000 geborg deur *Beeld*, 'n R1 000-geskenkpak van Bennetts, 'n R500-geskenkbewys van 4aKid en 'n Sealy-enkelbed van R4 000.

As jy dink jou pienkvoet is die oulikste kleinding in die land, moet jy vinnig spring om hom of haar in te skryf.

Jy kan kies vir watter maand jy jou baba wil inskryf – solank die baba nog nie sy of haar eerste verjaardag gevier het voor of op die sluitingsdatum vir die betrokke maand waarvoor julle inskryf nie.

Elke baba mag net een keer ingeskryf word.

Babas wie se foto nie geplaas is in die maand waarvoor hulle ingeskryf is nie en teen die volgende maand se sluitingsdatum nog jonger as 12 maande is, se inskrywing kom outomaties weer in aanmerking vir die volgende groep.

Besoek *Beeld* se Facebook-blad vir die volledige bepalings en voorwaardes, asook vir meer inligting.

**Skryf jou kleinding vandag nog in**

1. Verstrek die volgende in 'n Word-dokument:
a) Die baba se noemnaam (nie bynaam of volle name nie);
b) Die baba se geboortedatum;
c) Die geslag van die baba;
d) Die baba se ouers se naam en van;
e) Indien die baba se ouers se vanne verskil, verskaf asseblief die baba se van;
f) Woonadres;
g) Ouers se e-posadresse; en
h) Ouers se selfoonnommers.
2. Antwoord die volgende vrae in dieselfde Word-dokument:
a) In watter hospitaal en hoe laat is die baba gebore?
b) Hoe het julle op jul kleinding se naam besluit?
c) Vertel iets interessants of spesiaals van die baba se geboorte of geboortedag.
d) Die hoeveelste kind is die baba in die gesin?
e) Wat is jul droom vir jul baba?
3. Heg 'n duidelike kleur- of swart-en-wit gesigfoto van die baba as 'n aparte dokument aan in die e-posinskrywing. Die foto moet in JPG-formaat en 1MB of groter wees. In die geval van 'n tweeling (of meer babas) moet steeds slegs een foto gestuur word waarop al die babas verskyn.
4. E-pos die inskrywing na babas@beeld.com. Tik die naam en van van die baba sowel as die blok waarvoor julle inskryf, in die onderwerplyn.

Voorbeeld: Piet Pompies Junie

| Groep | Inskrywings: spertye | Foto's van finaliste in *Beeld* | Stemme: spertye | Maand-wenner aangekondig in *Beeld* |
|---|---|---|---|---|
| Junie-groep | 4 Jun | 9 Jun | 30 Jun | 5 Jul |
| Julie-groep | 25 Jun | 30 Jun | 21 Jul | 26 Jul |
| Augustus-groep | 16 Jul | 21 Jul | 11 Aug | 16 Aug |
| September-groep | 6 Aug | 11 Aug | 1 Sep | 6 Sep |
| Oktober-groep | 27 Aug | 1 Sep | 22 Sep | 27 Sep |
| November-groep | 17 Sep | 22 Sep | 13 Okt | 18 Okt |
| Desember-groep | 8 Okt | 13 Okt | 3 Nov | 8 Nov |
| Januarie-groep | 29 Okt | 3 Nov | 24 Nov | 29 Nov |
| Februarie-groep | 19 Nov | 24 Nov | 15 Des | 20 Des |
| Maart-groep | 14 Jan | 19 Jan | 9 Feb | 14 Feb |
| April-groep | 4 Feb | 9 Feb | 2 Mrt | 7 Mrt |
| Mei-groep | 25 Feb | 2 Mrt | 23 Mrt | 28 Mrt |

**Belangrike datums om te onthou**

**Stem vir jou gunstelingpienkvoet**

Wanneer 'n baba se foto in die koerant verskyn, kan lesers vir hul gunstelingbaba stem deur:

■ **PROSES 1 (elke SMS tel een punt)**

SMS BABA, gunstelingbaba se naam en van, jou naam en van, waar jy woon en e-posadres na 35986.

Die SMS-lyn sluit om 12:00 op die sperdag. Elke SMS kos R1,50 en gratis SMS'e geld nie. Foutiewe SMS'e sal verreken word.

SMS-voorbeeld: BABA, Dian Zietsman, Tanya Kleynhans, Auckland Park, tanya.kleynhans@media24.com

Deelnemers aan die kompetisie deur middel van stemproses 1 verleen met die gebruik van die SMS-stemme toestemming aan *Beeld* en sy borge om by geleentheid hul produkte en/of dienste aan hulle te bemark.

■ **PROSES 2 (elke stem tel vyf punte)**

Ekstra koerantstemme vir 'n baba kan op die dag van publikasie by Tanya Kleynhans (tanya.kleynhans@media24.com) gekoop word. *Beeld* sal die koerante aan 'n organisasie van sy keuse skenk.

■ **PROSES 3 (elke stem tel vyf punte)**

Stuur die oorspronklike, voltooide stemstrokie wat in *Beeld* gepubliseer word, na: Baba van die Jaar, Kingsway 69, Media-Park, Auckland Park 2006.

Stemme kan ook in 'n koevert by *Beeld* se kantoor in Johannesburg afgelewer word: Ontvangs, Kingsway 69, Media-Park, Auckland Park 2006.

Dit bly die persoon wat stem se verantwoordelikheid om stemme betyds in te dien en *Beeld* neem geen verantwoordelikheid vir laat stemme nie. Laat stemme sal nie in aanmerking geneem word vir die kompetisie nie.

Dieselfde prosedure geld ouers wat buite *Beeld* se verspreidingsgebied woon en wil deelneem.

Jy kan soveel kere stem as wat jy wil.

Die baba met die meeste punte vir die maand sal as die wenner aangewys word.

## Inskrywings vir Junie


Abigail Rossouw van Ferndale in Johannesburg is op 27 September 2020 gebore.


Alexander Rolfe van Peerless Park North in Kaapstad is op 22 Oktober 2020 gebore.


Annabelle van der Bank van Kanonkop in Middelburg, Mpumalanga, is op 4 Augustus 2020 gebore.


Euné Dekker van Verwoerdpark in Alberton is op 12 November 2020 gebore.


HJ van der Walt van Sunward Park in Boksburg is op 17 Junie 2020 gebore.


Leah de Bie van Langenhovenpark in Bloemfontein is op 25 Januarie 2021 gebore.


Liam Badenhorst van Gardeniapark in Bloemfontein is op 1 Julie 2020 gebore.


Lumay van Vuuren van Rouxville, Vrystaat, is op 11 September 2020 gebore.


Michael Oosthuizen van Elarduspark in Pretoria is op 23 Julie 2020 gebore.


Morgan Mieny van Durbanville in Kaapstad is op 31 Oktober 2020 gebore.


Ricardo Venter van Noordheuwel in Krugersdorp is op 5 Julie 2020 gebore.


Willem Groenewald van Worcester, Wes-Kaap, is op 30 September 2020 gebore.


William Macdonald van Kenmare in Krugersdorp is op 15 September 2020 gebore.



Beeld

JUNIE-GROEP




STEMSTROKIE

JOU NAAM EN VAN: ..........

TELEFOON NOMMER: ..........

EK STEM VIR (BABA SE NAAM EN VAN): ..........

**Stem so:**

**Proses 1 (elke SMS tel 1 punt):** SMS BABA, gunsteling baba naam en van, jou naam en van, waar jy woon en e-posadres aan **35986**. SMS lyn sal oop bly soos per skedule. *Elke SMS kos R1,50. Gratis SMS geld nie en foutiewe SMS'e sal verreken word.*

**Proses 2 (elke stem tel 5 punte):** Ekstra koerant-stemme vir 'n baba kan by Tanya Kleynhans aangekoop word (tanya.kleynhans@media24.com). *Beeld* sal die koerante aan 'n organisasie van sy keuse skenk.

**Proses 3 (elke stem tel 5 punte):** Wanneer 'n baba se foto in *Beeld* verskyn kan lesers vir hul gunstelingbaba stem deur die skeurstrokie in die koerant in te vul, dit uit te knip en aan *Beeld* te stuur sodat dit ons voor die sluitingsdatum bereik. Die skeurstrokie word daagliks in *Beeld* gepubliseer. Afskrifte is ongeldig.

**Daar is geen beperking aan die hoeveelheid stemme per baba.**

**Elke maand se wenner sal in *Beeld* en op die koerant se Facebook-blad aangekondig word.**

**Stuur skeurstrokies na:**

Beeld Baba van die Jaar 2021
Posbus 333
Auckland Park
2006

**Skeurstrokies kan ook by ons kantoor afgelaai word:**

MediaPark
Kingsway laan 69
Auckland Park
Johannesburg

Beeld · Sealy singles · 4AKID · Ollie · TO Strand · Bennetts